# GEMEENTEBULLETIN

**28 MEI 2021**

## EREDIENSTE: AANLYN EN IN DIE KERK

**Sondag 30 Mei 2021**

100 persone kan die eredienste in die kerkgebou bywoon en 20 persone die diens in die kapel. **Geen besprekings is nodig nie.** Eredienste is ook aanlyn op www.stellenberg.co.za, of die gemeente se YouTube-kanaal beskikbaar.

**Oggenddiens 08:30 in die kerk**

Ds. Callie Visagie (Span 1)

**Meditatiewe diens 09:00 in die kapel**

Ds. Philipp Dietmann

**Familiediens 09:30 in die kerk**

Ds. René Potgieter (Span 8)

**Relevantdiens 18:00 in die kerk**

Ds. Hanno Ackerman

## GEMEENTEFEES 10 TOT 15 AUGUSTUS

Ons vier die gemeente se vyftigste verjaarsdag met 'n feesweek vanaf 10 tot 15 Augustus. Vanaf 10 tot 12 Augustus word 'n week van inspirasie aangebied waarby gassprekers soos Jan-Jan Joubert, Marion Holm en Louis Awerbuck sal optree. Teken die datums asb. in jou dagboek aan.

## VATVYF-BYEENKOMS

**Woensdag 2 Junie 2021 om 09:30 vir 10:00 in die kerk**

Dr. Kobus Anthonissen kom gesels oor sy boek: *Donsend met die lewe: In die jeug van die ouderdom.* Tee en toebroodjies is vooraf vanaf 09:30 beskikbaar. Die boek sal ook te koop aangebied word. Toegang is gratis, maar bespreek asb. jou plek by Karin 021 976 4519, voor of op Maandag 31 Mei.

**KONTAK ONS**

021 976 4519

081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za

**ASEMSKEP-GEBEDSBYEENKOMS**

Elke Dinsdag om 18:00 in die kapel.

**GEBEDSVERSOEKE**

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

**DAAGLIKSE STEMBOODSKAPPE**

Indien jy graag na die daaglikse boodskap ('n stemopname deur leraars) op jou selfoon wil luister, stuur asb. 'n WhatsApp, of 'n Telegram-boodskap met jou *naam + van + stemboodskap* na 081 045 2428.

**DEUROFFER VANDAG**

Gemeenteondersteuningsfonds

## ANNIBRAND (KATEGESE)

Annibrand Junior-groepe kom vanaf 10:15 tot 11:00 in die grootsaal bymekaar.

## GRAAD 7'S

Ons het opwindende nuus vir die graad 7-Annibrandgroep. Vanaf Sondag 6 Junie sluit die groep om 17:30 by die senior kategesegroep in die kerk aan en woon die Relevantdienste saans om 18:00 by. Vanaf 19:15 (direk na die diens) skakel hulle by kleingroepbesprekings in. Kom ervaar 'n voorsmakie van die jeugbediening en die hoër-skoollewe.

## 'N NUWE BYBELSKOOLREEKS

Die Bybelskoolreeks het weer op 24 Mei 19:00 tot 20:30 in die kerkgebou hervat. Sessies is ook die volgende dag aanlyn beskikbaar. Die Bybelskoolreeks bestaande uit twaalf sessies, gaan die unieke boodskap van die Bybel se klein profete verken. Die vorige aand se sessie sal die volgende dag op www.stellenberg.co.za beskikbaar wees. 'n Kort handleiding sal ook beskikbaar gestel word.

Aanbieder: Ds. Marius Breytenbach.

## BREIGROEP

Lede van die breigroep ontmoet op Maandag 7 Junie om 09:30 in die markplein. Bring asseblief al jou voltooide items saam. Ons gaan die klaar gebreide serpe en musse Maandagoggend aan ds. Why Du-venhage oorhandig.

Navrae Ria McMicken 021 948 5456/083 519 0602.

## BEROEPING VAN 'N NUWE LERAAR

Ds. Callie Visagie tree in Januarie 2022 af en ds. Why Duvenhage in Julie 2022. Slegs die vakature van ds. Callie Visagie se pos word gevul en die pos is reeds geadverteer. 'n Beroep sal dan in Julie/Augustus tydens 'n spesiale kerkraadsvergadering uitgebring word. Diensaan-vaarding is Februarie 2022. Lidmate wat graag 'n kandidaat wil nomineer, kan 'n e-pos aan lindy@stellenberg.co.za stuur.

### STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 8029 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na sos@stellenberg.co.za.

083 519 0602.

### KYK NA DIE EREDIENS OP JOU SELFOON

WhatsApp, of stuur 'n Telegramboodskap na 081 045 2428 met jou naam + van + aanlyn eredienste. Jy sal dan weekliks die skakel na die aanlyn diens per WhatsApp/Telegram op jou selfoon ontvang.

## HELPERS VIR SOP KOOK BENODIG

Help asseblief met die volgende:

- Kook sop tuis en gee dit in bevrore formaat op Donderdae deur die loop van die dag (voor 15:00 ) by die markplein af.
- Kontantbydraes vir die hande-en-rande-projek is ook welkom en kan na ABSA, tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, oorbetaal word. Gebruik asb. "hande en rande" as verwysing.

Kontak asseblief vir Anéne Nortier 083 581 6930 indien jy kan help.

## AFVALWOL EN –MATERIAAL

Die breigroep benodig wolskenkings. Die groep brei serpe en musse wat tydens die Karoo-uitreike aan minderbevoorregte kinders uitgedeel sal word. 'n Weldoener maak ook pragtige kinderklere uit afvalmateriaal wat ook tydens die Karoo-uitreike versprei sal word. Bydraes van afvalmateriaal word vir die projek benodig en kan by die kerkkantoor afgegee word.

## 30-PLUSSERS

Ons wil graag 'n bediening van stapel stuur waarby ons 30-plus-lidmate kan inskakel en 'n geestelike tuiste vind tussen mense wat 'n gemeenskaplike lewensfase deel. In die lig daarvan wil ons jou graag na die volgende kursus uitnooi om die bediening te kan begin. Volg die skakel om die aansoekvorm in te vul. Ons wil graag bepaal of daar genoeg belangstelling vir so 'n bediening is.

https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSdaxiwOdFhcf2Z4Awcl7kIlvnFZ1usJwoZtcE-yl2ujGbksaQ/viewform?usp=sf_link

Die Relevantdiens bied ook 'n ruimte waar ouers, jongvolwassenes en dertig-plussers tuis sal wees. Ons wil jou dus uitnooi om Sondagaande om 18:00 by dié erediens in die kerk aan te sluit.

Kontak gerus vir ds. Hanno Ackerman met navrae of voorstelle vir die bediening by hanno@stellenberg.co.za.

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

Donderdag 3 Junie om 14:30

Klaagliedere 2: Die Here is kwaad vir ons . . .

### HUISDIENS

Sondag 6 Junie om 18:00 in die eetsaal.

### ONDERSTEUNING AAN MEDEWERKERS

Geloofsofferkoeverte waarin bydraes ter ondersteuning van ons medewerkers geplaas kan word, is in die voorportaal beskikbaar. Indien jy verkies om jou bydrae aan die medewerkers elektronies te maak, EFT na: Absa, tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005. Gebruik "medewerkers" as verwysing.

## TEKORT AAN EREDIENSWERKERS

Daar is 'n dringende tekort aan eredienswerkers by die familiediens. Ons doen 'n beroep op gesinne wat die diens bywoon om asseblief hulle hulp aan te bied. Jy sal ongeveer een keer per maand 'n diensbeurt ontvang. Kontak Odette, odette@stellenberg.co.za of ds. René Potgieter by rene@stellenberg.co.za.

## BLOMME IN DIE KERK

Indien jy bereid is om een keer per kwartaal verantwoordelikheid te neem vir die voorsiening van blomme in die kerk, kontak asseblief vir Odette by 021 976 4519/odette@stellenberg.co.za. Daar is geen voorskrifte nie. Jy kan jou kreatiwiteit vrye teuels gee.

## SEKURITEIT: DIENSBEURTE

Die sekuriteitspan wat lidmate se motors tydens eredienste bewaak, benodig helpers. Kontak gerus vir Lindy by lindy@stellenberg.co.za indien jy kan help.

## FEESMARK: TERUGVOER

Die feesmarkspan is hard besig met die keuring van voornemende uitstallers. Heelwat nuwe aansoeke deur aansoekers wat nog nooit voorheen by die feesmark uitgestal het nie, is ontvang. Die keuringsproses behoort teen die middel van Juniemaand voltooi te wees.

## FINANSIËLE BYDRAES

Leraars en die kerkraad is opreg dankbaar teenoor lidmate wat die gemeente se werksaamhede finansieel ondersteun, te midde van die finansiële uitdagings wat die Covid-19-pandemie ook aan lidmate stel. Bydraes kan soos volg gemaak word:

### EFT-betaling

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

### Kontantbydraes

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

### SnapScan

### GEMEENTE-SELFOON

Die gemeente het nou 'n selfoonnommer

081 045 2428.

Navrae kan per WhatsApp of Telegram-boodskap na dié nommer gestuur word.

### ELEKTRONIESE NUUS

Maak seker dat jy elektroniese nuus van die gemeente ontvang. Jy kan die bulletin, asook die skakel na die aanlyn eredienste weekliks per e-pos ontvang, asook die gemeente se maandelikse nuusblad, *Stellenberger*. Stuur jou e-posadres na sanel@stellenberg.co.za om op die verspreidingslys geplaas te word.